

**Skriflesing:** Efesiërs 5: 6 -21Teks: **Efesiërs 5: 16, 18b-19**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 33:5,6**TYDENS EREDIENS: **Ps. 31: 5, 15; Ps. 119:26,27; Ps. 66:7; Sb.8-1 (14):1,2****Efesiërs 5: 6 -21****Eph 5:6** Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is.**Eph 5:7** Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie.**Eph 5:8** Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig.**Eph 5:9** Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is.**Eph 5:10** Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is,**Eph 5:11** en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak.**Eph 5:12** Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen.**Eph 5:13** Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val.**Eph 5:14** En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied: "Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig."**Eph 5:15** Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges.**Eph 5:16** **Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd.****Eph 5:17** Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.**Eph 5:18** Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. **Nee, laat die Gees julle vervul,****Eph 5:19** **en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here.****Eph 5:20** Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.**Eph 5:21** Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.**Skriflesing:** Efesiërs 5: 6 -21T+eks: **Efesiërs 5: 16, 18b-19**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 33:5,6**TYDENS EREDIENS: **Ps. 31: 5, 15; Ps. 119:26,27; Ps. 66:7; Sb.8-1 (14):1,2**

Verlede Sondag, was ons by wat ons genoem het 'n Lente-Nagmaal. Broeder en suster, lente spel lewe uit, dit word iets van nuwe lewe as dit gereën het. In ons as gelowiges se lewe moet heelyd gebeur wat ons nooit genoeg kan beklemtoon nie dat *ons gees en ons gedagtes moet nuut word ...* (Ef. 4:23). Efesiërs sal nooit ophou om ons tot hierdie nuwe lewe op te wek nie.

Daarvoor gee God ons die eenheid wat daar in Hom is dat ons in eenheid met Hom nuut mag lewe. God gee gawes, God gee die verskillende ampte in sy kerk as gawes, maar mense as gawes wat in hulle ampte hulle gawes moet laat werk, is net so wesentlik. Elke gelowige moet vir God ook 'n gawe aan sy Kerk wees. Daarom dat ons kan lewe as nuwe mense *wat na die beeld van God geskape is, wat volgens die wil van God moet kan handel*, ja was ons in besonder deur God daartoe opgeroep dat ons heilig moet lewe (vgl. Ef. 4:24).

As ons hierdie nuwe lewe, die lewe van heiligmaking, 'n lewe gevul met gawes, 'n lewe wat die wil van God en my liefde vir God een lewe maak, dan is ons vandag by die punt om te erken dit alles is alleen net moontlik as God deur Heilige Gees my lewe volmaak. By die end van hfst. 4 is God se Wet, wat hier genoem word die riglyne vir 'n nuwe lewe direk ook weer verbind met God se liefde. God se Wet en God se liefde is nie vir ons aparte sake nie. God het juis sy Wet vir ons gegee omdat sy liefde vir ons so groot is. Hiermee saam het Paulus die Heilige Gees ook alreeds aan die Wet van God verbind want oortree ek die gebooie waarmee hfst. 4 en hfst. 5 met heelwat gebooie mee besig is, dan doen ek iets aan die Heilige Gees wat 'n baie seer saak en teer saak in my lewe moet wees. Ek bedroef die Heilige Gees.

Efesiërs 4 vers 30 en vandag se teksverse bring albei die Heilige Gees op 'n treffende wyse in die kern van ons Woordbediening vandag. Ons lees hfst. 4:30 - *30 En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.* 'n Mens word bedroef as een in sy liefde seerkry. Die grootste rede vir droefheid tussen ons as mense is gekrenkte liefde. Hoeveel te meer as ons oor God se liefde moet handel waaroor hfst. 5 oor handel. [EERSTE SKYFIE] Wie God in sy liefde krenk is iemand wat die Heilige Gees bedroef. En as ons dan nou kyk na die baie maniere waarop ons die Gees kan bedroef dan is God se Wet ook 'n saak van God se liefde. Deur sy Wet wys God hoe lyk 'n wêreld in teenstelling met die wêreld waar 'n mens homself/haarself in die duisternis plaas. Terwyl God wil hê dat ons wat in die duisternis was nou in die Here se lig moet lewe. Al lewe ons nog in 'n goddelose tyd. As die Here deur Paulus ons oproep maar tegelyk ook waarsku dan is ons teksverse: *15 Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. 16 Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd.* Ons het God se lig so nodig!

Dis presies waaroor vandag se gelese gedeelte dan ook handel. Omdat ons in God se lig kan lewe kan ons lewe soos mense van die lig. Vv. 15-21 wys dit so mooi aan ons. God se liefde en God se lig sak as't ware gelyk op jou toe. Besef ons hoe 'n groot voorreg dit is?! Kom ek in die kragveld van God se liefde dan beweeg ek reeds in die sonkrag van God se lig. In hierdie lig met hierdie liefde van God as dit wat jou reeds geskenk is, dan sal jy iemand wees wat na Christus toe wil groei. Weereens ons gees en gedagtes sal nuut word. Ons sal lewe as nuwe mense wat na

die beeld van God geskape is. Efesiërs 4 vers 15 sal jou opnuut aanspoor as daar staan - *15 Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, 16 en uit Hom groei die hele liggaam.*

\*\*\*

Daarom dat ons geen deel van Efesiërs in isolasie kan lees nie. Alles wat hier staan kom weer en weer in verband met wat reeds gesê is, want is dit nie 'n geval van Paulus herhaal maar net nie, maar hy gaan eintlik al dieper en dieper op sake in wat Hy reeds aangetoon het. So sal hfst. 5 en 6 ook gelees moet word. As hfst. 6 in besondere begin handel oor hoe verhoudinge veral tussen kerkmense moet wees dan gaan dit in alle opsigte oor liefdesverhoudinge maar ook gesagsverhoudings. God se lig en liefde is een, soos Christus se hoofskap en Christus se gesag deur ons bymekaar uitgebring word. So een besef daar is 'n verband tussen die hoofskap en die gesag van Christus. En Christus se hoofskap bepaal in alles die hoofskap wat 'n man in sy huwelik en huisgesin moet kan uitoefen. Tegelyk Christus se gesag bepaal hoe gesag in die huwelik en gesin en gemeente of waar ook al bedien moet word. Hoofstuk 5 se begin handel oor die liefde van God en die lig van God omdat God se lig en liefde ook dan op Christus se hoofskap geplaas moet kan word - In die Bybel gaan dit nêrens oor die forsering en afdwing van gesag nie, maar in Christus gaan dit altyd oor die bediening van gesag, selfs as daar oor die ampte gedink en gewerk word en wie in die ampte mag wees en wie nie. Dan word dit in liefde gedoen. Dit word in Efesiërs in die laaste hoofstukke die al groter tema, om hoofskap, gesag en liefde, alles in God se lig, één te maak.

\*\*\*

[Tweede skyfie]. Tog kan ek geen van hierdie verhouding dinge en gesagsvrae reg hanteer as daar nie eers 'n nuutheid in my lewe ingekom het wat my gees en gedagtes moet nuut maak nie. In jou gees moet jy *in jou gemoed vernuwe word* (Ef. 4:23-24) en direk hiermee saam jy moet jou met die nuwe mens bekleed, jy moet elke dag die nuwe mens wil aantrek, wat na God geskape is in wat reg is en wat heilig is. Ons besef in wat ons vandag ook gelees het en moet hoor dat ek nie die wêreld moet toelaat om my te oortuig dat sommige dinge nie eintlik sonde is nie. Dat ek eintlik 'n al hoe vlakker en swakker sondebeseft kry. Byvoorbeeld die dinge op seksuele terrein, dit wat Paulus direk in hfst. 5:3-5 ook aanspreek. Daar begin al meer kerkmense selfs te sê maar saambly voor die huwelik moet ons nou maar as norm aanvaar, voorhuwelikse seks is nou maar die in-ding, God moet dit ook maar aanvaar. Dan mors ek met God se liefde en ek leef nie in die

lig van God nie. Ek leef nie as 'n mens van die lig nie. Ek bedroef die Heilige Gees. Kom u agter die bouse kringloop wat ek myself dan inplaas. Terwyl dit so anders kan wees! As die dinge in my lewe nie reg is nie hoe durf ek dan nog wil praat oor Christus se hoofskap in my lewe en wat sy gesag in my lewe en huwelik en gesin ook beteken. Dan kom daar niks daarvan tereg nie.

Paulus stel dit baie sterk in vandag se gelese gedeelte - vv. 10-12: *10 Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is, 11 en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak. 12 Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen.*

\*\*\*

As u in hfst. 5 dan net weer aandagtig luister wat die Here sê dan word daar ook vir ons gewys hoe maklik ons met van hierdie dinge aan die slaap gevang kan word. Iemand met 'n swak sondebefesef word ook 'n al hoe geestelik vaker mens. En as ek vaak word dan vervaag ook die dinge wat vir God belangrik is. My lewe raak al hoe meer gevul met goed wat my 'n "geloofsvaagheid" en "geloofsvaakheid" sal gee. Dit is baie duidelik waarop vers 14 ook sinspeel: *14 En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied: "Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig."* Ons kom heeltyd agter hoe nodig ons hierdie lig van God in ons lewens het. Wie vir God lief is, is 'n soeker na God se lig, is 'n handhawer van God se Wet. Dit moet presies wees dit wat vers 8-9 letterlik vertaal- *8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here — wandel soos kinders van die lig. 9 Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.*

Wie Galasiërs lees, heel waarskynlik die oudste van al Paulus se briewe, dan gee hy daar 'n nog baie groter uitbreiding op die vrug van die Gees as net die drie dinge nl. goedheid, geregtigheid en waarheid. Galasiërs 5:22 bring vir ons *liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, 23 nederigheid en selfbeheersing* as vrug van die Gees. Tog al noem Efesiërs die vrug van die Gees net in drie dinge besef ons dis die drie groot dinge, God se goedheid, sy geregtigheid, sy waarheid. Alles wat vêrder as vrug van die Gees na jou kom vorm reeds deel van hierdie drie dinge.

[Laaste skyfie] Daarom wil ek een wees wat nie langer die Heilige Gees wil bedroef nie (hfst. 4:30), maar ek wil een wees wat die vrug van die Heilige Gees wil dra (hfst. 5:9) ja eindig vandag se gelese gedeelte ek wil vervul wees met die Heilige Gees (hfst. 5:18). Ons sien nie net hierdie verband in die Woord van God nie, maar dit is die dinge wat deur die Heilige Gees die verbande van jou lewe na mekaar moet bring. In hierdie lig van God moet ons lewe. Nie soos die seksueel verwilderde mens (hfst. 5:3-5) maar ook nie soos die dronkaard (hfst. 5:18) nie. Tussen seks en drank kom ook dikwels 'n verband wat nie alleen al baie huwelike gekos het nie, maar hoe baie se lewens is al hierdeur vernietig? Hierdie tipe mense lê ook verbande in hulle lewe maar gewoonlik verbande waarmee die Heilige Gees niks mee te make wil hê nie en ook is so mens eintlik 'n leë mens. Die Heilige Gees vul nie sy/haar lewe nie, maar drank vul dit. Hoe erg, hoe verskriklik as ek die dag by die punt kom wat drank 'n groter rol in my lewe begin speel as die Heilige Gees.

Terwyl as dit gaan om vervul te word met die Heilige Gees dan lewe jy as 'n mens van die lig, jy hou aan om met die Heilige Gees vervul te word, ja jy wil al meer die vrug en die werking van die Heilige Gees in jou lewe raaksien. En weet u waar sien ons die vervulling van die Heilige Gees op van sy mooiste werke is daar waar goddelike musiek 'n instrument in jou hande is maar eintlik is dit 'n instrument in God se hande. Hoe en wat ons sing het alles te make met hoe die Heilige Gees ons lewens volmaak. God plaas dit in jou hande om tot sy eer te sing en Hom tot sy eer te dank. Dis asof Paulus 'n toonleer van goddelike musiek na ons aandra. Hoor hoe aangrypend staan dit in vv 19-20: *19 Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here, 20 terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus, 21 en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God.*

Wanneer hierdie dele van hfst. 5 ons werklik aanraak, broeder en suster, dan gaan gesagsverhoudinge in die huwelik, dit waarmee hfst. 5 nou verder gaan handel, nie in ons huwelike, in ons gesinne en selfs in die kerk meer so 'n groot kopseer wees nie, nee dit gaan 'n vreugde wees. Dit gaan 'n lied wees. Daar sal daaroor ook gesing kan word. Die groot spanning rondom die vrou in die amp word dan eerder 'n lied vir vrou en man as wat dit 'n klaagsang en in werklikheid 'n punt van kerkskeuring gaan word in wat tans in die GKSA

stilletjies maar duidelik aan die gebeur is. Dit gaan vir 'n man 'n vreugde wees om die gesag van Christus aan sy vrou en ook aan die vrou in die Here se kerk, nie sy gesag nie, maar juis die gesag van Christus te bedien. Dit gaan die rol van ouerskap in 'n bepaalde rigting stuur, dit waarmee hfst. 6 ook mee begin. Ook ons werksverhoudinge daar op die plaas, in my besigheid, ja oral waar ek gesag moet uitoefen sal dit nie gaan oor wie ek is nie, maar oor Wie werklik my Hoof is. Wie die Een Jesus Christus is, Wie se gesag ons in ons verhoudinge en in ons gesagsbedieninge moet ons alleen Sy gesag wil bedien.

Om dit te doen en dit te mag doen, moet die Heilige Gees ons lewens vervul. Die Heilige Gees moet my lewe al voller kan maak. Nou moet ons hierdie uitdrukking nie verkeerd verstaan nie. Dit gaan nie om hande in die lug en allerhande lekkervoel liedjies te wil sing nie. Dit gaan nie daaroor dat jy die Heilige Gees op een of ander manier in jou moet kry nie. Die Heilige Gees is mos reeds in ons, Hy is reeds ten volle in ons uitgestort. As die Gees nie in ons was nie, dan het ons nie waarlik geglo nie. Nee die Gees wat in jou voller moet word en die lied wat in jou voller moet word, is dat jy jou lewe sal oorgee, ja dit wat eintlik maar hfst. 4 en 5 se hooftema was, jy moet toelaat dat die Heilige Gees jou lewe nuutmaak. U onthou ons groot tema by verlede Sondag se Nagmaal, jy moet die lente van God, nie net vir een seisoen nie, maar in alle seisoene van jou lewe wil sien. Dit gaan om hfst. 4:23- *Julle gees en julle gedagtes moet nuut word, lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig*. Ons moet soos nuwe mense kan lewe. In God se liefde, in God se lig, in God se lied, ja die drie dinge, is vrug van die Gees, Paulus praat van die vrug as goedheid, geregtigheid en waarheid (Ef. 4:9 1933'53 Vertl). Ons besef hierdie drie dinge staan nog weer in verband met die volgende drie- As ons vervul is met die Gees sal ons sing, ons sal dankbaar wees, ons sal ons aan mekaar onderwerp. Die res van Efesiërs gaan dan 'n groot deel oor hierdie onderwerping aan mekaar – *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig!* Dit het alles vir die huwelik, die gesin, die kerk, die werkplek te sê. Ja, so een sal op die einde kan sê ek wil God se wapenrusting aantrek, dit waarmee Efesiërs ook eindig. Daarby moet ons nog wil kom.

AMEN